

HOOFSTUK 3

DIE AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN UNIVERSITEITE

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal eerstens omskryf word wat met akademiese produktiwiteit van universiteite bedoel word.

Om die akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO in perspektief te sien, word die akademiese produktiwiteit van universiteite van enkele oorsese lande en in besonder dié van Groot-Brittanje, die V.S.A. en Australië van nader beskou. Dit word vergelyk met die akademiese produktiwiteit van Suid-Afrikaanse universiteite en laasgenoemde word ook onderling vergelyk. Aangesien verreweg die grootste persentasie druiwing onder studente in die eerste studiejaar plaasvind, wat weer akademiese produktiwiteit regstreeks beïnvloed, word die persentasie eerstejaarstudente wat aan Suid-Afrikaanse universiteite slaag ook met mekaar vergelyk. Op dié wyse kan die posisie van die PU vir CHO ook in hierdie verband bepaal word.

3.2 OMSKRYWING VAN AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT

Soos wat in hoofstuk twee (vgl. 2.6.6 en 2.7.2) aangetoon is, is die moderne universiteit deel van die gemeenskap en ook deel van die ekonomie. Aangesien die staat en die gemeenskap finansieel 'n groot bydrae lewer om die universiteit in stand te hou, word van die universiteit verwag om ook doeltreffend en produktief te wees (Doi, 1965, p. 112).

Sommige akademici is van mening dat dit nie gepas is om van die produktiwiteit en doeltreffendheid van 'n akademiese inrigting te praat nie. Ander glo dat doeltreffendheid en produktiwiteit net ter sprake is by handelondernemings wat op winsbejag ingestel is. Geen universiteit het egter onbepaalde middele tot sy beskikking nie en moet streef tot beter produktiwiteit (Carter, 1972, p. 77).

By die berekening van produktiwiteit sal gekyk moet word na wat beskikbaar is en wat verbruik word en daarteenoor moet die produk wat gelewer word, opgeweeg word. By die universiteit is dit egter 'n baie ingewikkelde saak. Onder die goedere wat verbruik word, is dinge soos geld, tyd en arbeid. Hiermee moet onder meer die kwaliteit student wat gelewer is en in welke tydskuur vergelyk word.

Die Carnegie Commission (1975, p. 21) definieer produktiwiteit van die universiteit as die aantal graduandi wat per eenheidskos te gelewer word. Hierdie definisie is egter baie eensydig. Die universiteit moet nie op die goedkoopste moontlike wyse graduandi probeer lewer nie. As die universiteit volgens hierdie definisie produktiwiteit probeer verhoog, sal belangrike funksies van die universiteit soos onder meer navorsing in die slag bly. Volgens hierdie definisie sal 'n fakulteit waar duur apparaat en toerusting vir opleiding nodig is 'n lae produktiwiteit hê al sou die studente baie goed presteer.

Word al die doelstellings van die universiteit in gedagte gehou, blyk dit onmoontlik te wees om die produktiwiteit van 'n akademiese inrigting in 'n syfer uit te druk. Baie van die kwalitatiewe doelstellings van die universiteit soos die kweek van 'n wetenskaplike gesindheid en beroepsvaardigheid by studente kom eers sterk na vore as die student sy beroep beoefen en kan dus moeilik op universiteit reeds beoordeel word (Doi, 1965, p. 112 - 114; Gross en Grambsch, 1974, p. 88).

Deur meting en evaluering, soos dit by uitstek na vore kom in toetse en eksamens, probeer die universiteit vasstel in watter mate hy sy onderwys- en opvoedingsdoelstellings met die studente bereik het. Die persentasie studente wat slaag kan dus dien as 'n maatstaf van die universiteit se akademiese produktiwiteit.

Vir die student, die mense wat in hom belang stel, die gemeenskap en die staat wat opgeleide mannekrag vereis, is dit belangrik dat die student die graad of diploma waarvoor hy as eerstejaarstudent ingeskryf het in die minimumtydperk verwerf. Dit

baat 'n student ook nie veel om net 'n gedeelte van sy studiekur=
sus te voltooi nie. In die meeste professies word 'n mens nie
toegelaat tensy hy die graad of diploma verwerf het nie.

Om bogenoemde redes word die akademiese produktiwiteit van 'n uni=
versiteit vir die doel van dié ondersoek gedefinieer as die per=
sentasie nuwe eerstejaarstudente* wat later die grade of diplomas
waarvoor hulle ingeskryf het, verwerf en in welke tydsduur hulle
dit verwerf.

Dit spreek vanself dat die persentasie studente wat 'n betrokke
studiejaar druipe 'n regstreekse invloed op die akademiese produk=
tiwiteit sal hê (langer tydsduur). Studente wat hul studies staak
voor die verwerwing van hul kwalifikasies het ook 'n regstreekse
invloed op die produktiwiteit aangesien 'n kleiner persentasie
studente later hul grade of diplomas sal kan verwerf. Die druipe=
syfer in die eerste studiejaar (omdat dit relatief maklik vasge=
stel kan word) en die omvang van studiestaking sal dus by 'n on=
dersoek na akademiese produktiwiteit ook deeglik aandag moet kry.

3.3 DIE AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN OORSESE UNIVERSITEITE

3.3.1 INLEIDING

Wanneer die akademiese produktiwiteit van universiteite in ver=
skillende lande met mekaar vergelyk word, moet in gedagte gehou
word dat landsomstandighede ook in die universiteitswese weer=
spieël word. Elke land het sy besondere onderwysstelsel en 'n
regstreekse vergelyking van akademiese produktiwiteit in verskil=
lende lande is nie verantwoord nie. Onderwysstelsels kan slegs
statisties vergelyk word deur hulle in dieselfde vorm te forseer.
Verskille tussen lande en hul onderwysstelsels is egter so groot
dat na so 'n poging tot vergelyking die vraag gestel kan word of
gelyke dinge wel met gelyke dinge vergelyk word (Bligh, 1978,

* Onder nuwe eerstejaarstudente word eerstejaarstudente verstaan
wat vir die eerste keer by 'n universiteit ingeskryf het. Studen=
te wat met hul eerste studiejaar besig is, maar 'n vorige jaar
al ingeskryf was, word dus hierby uitgesluit.

p. 1; Groot-Brittanje, 1963b, p. 6).

Ter illustrasie van dié verskille kan genoem word dat voornemen= de universiteitstudente in Groot-Brittanje en Wes-Duitsland 'n ekstra jaar sekondêre onderwys deurloop (Burn, 1971, p. 45 en 165). In die laaste skooljaar word dan al werk wat in ander lan= de op universiteit behandel word, afgehandel. Eerstejaarstuden= te en hul akademiese prestasies in die verskillende lande kan dus nie sonder meer regstreeks met mekaar vergelyk word nie. Verder verskil universiteite in verskillende lande ook wat be= tref metode en strengheid van keuring van studente, metodes van eksaminering, die aantal studente per dosent, akademiese stan= daard, ensovoorts (Burn, 1971).

Summerskill (1962, p. 629) waarsku dat die druippersentasies van studente aan hoër onderwysinrigtings versigtig benader moet word. Kolleges en universiteite publiseer nie graag druipsyfers nie en statistiese opnames is nie altyd betroubaar nie.

Omdat Suid-Afrika noue akademiese bande met Groot-Brittanje en die V.S.A. handhaaf en omdat die wese en funksies van die uni= versiteite in die twee lande in hoofstuk twee bespreek is (vgl. 2.3.3.2 en 2.3.3.3), word die akademiese produktiwiteit van veral dié twee lande in hierdie hoofstuk in oënskou geneem. Die aka= demiese produktiwiteit van universiteite in Australië word ook van nader beskou omdat daar heelwat gemeenskaplike faktore tussen die Republiek van Suid-Afrika en Australië is - ook in hul onder= wysstelsels (vgl. 3.3.4).

In die besprekings verderaan in hierdie hoofstuk word, tensy an= ders vermeld, slegs heeltydse ingeskrewe universiteitstudente in berekening gebring. Volledige gegewens oor akademiese produkti= witeit in die verskillende lande is nie altyd geredelik beskikbaar nie en daarom word volstaan met die persentasie studente wat wel grade of diplomas verwerf of wat dit in die minimumtydperk verwerf.

3.3.2 DIE AKADEMIESE PRODUKTIEWITEIT VAN UNIVERSITEITE IN GROOT-BRITTANJE

'n Opvallende kenmerk van die universiteite in Groot-Brittanje is dat hul studente baie streng gekeur word. Dit bring mee dat 'n kleiner persentasie leerlinge, wat saam die skool begin besoek het, later by universiteite inskryf as wat in Suid-Afrika die geval is. In 1962 was dié syfer in Groot-Brittanje slegs 4% (Groot-Brittanje, 1963a, p. 16) en het dit in 1965 gegroei tot 5,9% (Pearce, 1968, p. 47) en in 1976 tot 8% (Bligh, 1978, p. 13). Hoedanig hierdie keuring plaasvind, word verder in hierdie paragraaf bespreek.

Voornemende universiteitstudente bring in Groot-Brittanje 'n ekstra jaar op skool deur. Hierdie ekstra jaar in die "sixth form" (in sommige gevalle twee ekstra jare) bring mee dat Britse eerstejaarstudente meer volwasse is en dat hulle meer gespesialiseerde en gevorderde vakkennis het (Miller, 1974, p. 21). Hierdie twee jaar wat in die "sixth form" deurgebring word en waartydens twee of drie vakke in die diepte bestudeer word, móét volgens Stanton (1973, p. 245) later 'n positiewe bydrae tot die akademiese prestasie op universiteit lewer. Die leerlinge in hul dertiende skooljaar verskil van die ander skoolleerlinge omdat hulle uit eie keuse op skool is en daarop ingestel is om toelating tot die universiteit te verkry. Hul hoofdoel is dan ook om die eksamen aan die einde van die jaar goed te slaag (Adams, 1968, p. 59).

Hierdie ekstra skooljaar lewer ook sy druipelinge op. Dit het in die jare 1962 - 63 en 1965 - 66 gewissel tussen 11,1% en 13,0% van die leerlinge in die ekstra skooljaar (Pearce, 1968, p. 51). 'n Mens sou dus kon beweer dat hierdie ongeveer 12%, in ander lande met twaalf skooljare, druipelinge aan die universiteit sou wees, terwyl dit in Groot Brittanje nie voor die deur van die universiteit gelê word nie.

Die minimumtoelatingsvereiste tot universiteite in Engeland en Wallis is dat ten minste in twee vakke op die gevorderde vlak

("advanced level") en die res van die vakke op die gewone vlak ("ordinary level") van die eksamen vir die General Certificate of Education geslaag moet word. In Skotland moet ten minste in drie vakke op die hoër vlak van die eksamen vir die Scottish Leaving Certificate geslaag word om toelating tot die universiteit te verkry. Die toelatingsvereistes is so streng dat in 1961 slegs 6,9% van die betrokke ouderdomsgroep* in Engeland en Wallis twee of meer vakke op die gevorderde vlak geslaag het om sodoen=de te kwalifiseer vir universiteitstoelating. Die persentasie in Skotland was ietwat hoër (Groot-Brittanje, 1963a, p. 12).

Diegene wat wel aan die minimumvereistes voldoen, word verder gekeur. Dit word geïllustreer deur die feit dat meer as 80% van die universiteitstudente in Groot-Brittanje aan die begin van die sestigerjare ten minste drie vakke op die hoër graad geslaag het (Groot Brittanje, 1963a, p. 17 - 20).

Die lae persentasie van 'n betrokke ouderdomsgroep in Groot-Brittanje wat vir universiteitstudie inskryf, was volgens Pearce (1968, p. 51) die gevolg van die sterk siftingsproses. Eerstens is daar die 11+-eksamen wat meebring dat slegs sowat 25% van die kandidate op die Grammar School beland het, wat die groot voedingsbron van die universiteite was. Benewens die gewone eksamens het die baanstelsel op die Grammar School as 'n verdere sif gedien. Die afgelope dekade het die komprehensiewe skole egter vinnig in getalle toegeneem en die rol van die Grammar Schools begin oorneem (King, 1976, p. 19 - 20). Sommige leerlinge druipe dan nog die ekstra skooljaar wat bedoel is vir voornemende universiteitstudente. Hierna keur die universiteite self ook omdat hulle nie alle aansoekers kan huisves nie.

Dit blyk dus dat voornemende studente in Groot-Brittanje baie streng gekeur word voordat hulle toegelaat word om aan Britse universiteite in te skryf. Die Britse Committee on Higher Edu=

* Met die betrokke ouderdomsgroep word bedoel die groep leerlinge wat saam hul skoolopleiding begin het waarvan sommige dan in hul dertiende skooljaar is.

cation (Groot-Brittanje, 1963a, p. 38) stel dat die enigste land waarvan die onderwysstelsel ondersoek is, wat met betrekking tot strengheid van keuring van studente vergelyk kan word met dié van Groot-Brittanje, dié van Rusland is.

Die onderwys tesame met die geriewe daarvoor het die afgelope twee, drie dekades in Groot-Brittanje geweldig uitgebrei. Hoër onderwys kon egter nie daarmee tred hou nie aangesien dit relatief duur is. In 1955 het 83,3% van die leerlinge wat daarvoor gekwalifiseer het by universiteite ingeskryf. Hierdie persentasie het geleidelik gedaal totdat dit in 1964 'n laagtepunt van 47,4% behaal het (Pearce, 1968, p. 52). Keuring het dus steeds plaasgevind.

'n Ander faktor wat eie is aan Britse universiteite wat akademiese produktiwiteit gunstig kan beïnvloed, is die gunstige verhouding van die aantal studente per dosent. In 1961 was die verhouding 1:7,6 (Groot-Brittanje, 1963a, p. 26) en in 1966/67 was dit 1:7,7 (Miller, 1974, p. 22). Dit bring mee dat daar baie groter geleentheid vir persoonlike kontak tussen dosente en studente is. Inrigtings soos Oxford en Cambridge is bekend vir hul tutorials en seminare waar studente baie individuele aandag kry.

Aan Britse universiteite word ook relatief min geëksamineer. Hoe meer formele eksamens, hoe groter is die druipmoontlikheid (Miller, 1974, p.17 en 23). Op baie universiteite is daar in die B.A.- en B.Sc-studierigtings net twee hoofeksamens, naamlik een aan die einde van die eerste studiejaar en dan die eindeksamen (The British Council, 1976, p. 31; Stanton, 1973, p. 248).

Veral weens die ekstra jaar wat Britse studente op skool deurbring, is die eerste grade wat in Groot-Brittanje toegeken word, meestal honneursgrade. Van die grade wat in 1961/2 aan Oxford en Cambridge toegeken is, was 96% honneursgrade. By ander universiteite is die syfer egter nie heeltemal so hoog nie. Die meeste van die honneursgrade is meer gespesialiseer as die gewone eerste grade. In 1961/2 het gespesialiseerde grade 80% van die honneursgrade uitgemaak en 60% van die gewone eerste grade (Groot-Brittanje, 1964, p. 12 - 13). Die honneursgrade word toegeken

in die eerste, tweede of derde klas en die studente wat swakker gevaar het en nie bevoeg geag word vir verdere studie nie kan in aanmerking kom vir die sogenaamde "pass-degree" (Stanton, 1973, p. 245; The British Council, 1976, p. 31). Miller (1974, p. 23) en Ager en Weltman (1967, p. 273) beskryf die "pass-degree" as 'n veiligheidsnet vir swakke studente en moet noodwendig aanleiding gee tot 'n hoër produktiwiteit van die universiteite.

As al bogenoemde faktore in aanmerking geneem word, kan redelikerwys verwag word dat Britse universiteite gekenmerk sal wees deur relatief hoë produktiwiteit. Dit blyk dan ook die geval te wees.

Die persentasies studente in Groot-Brittanje wat nie daarin slaag om die grade te verwerf waarvoor hulle inskryf nie, bly redelik konstant en was gedurende die vyftiger- en sestigerjare ongeveer 14% (Heywood, 1970, p. 192; Miller, 1970, p. 12).

TABEL 3.1

DIE PERSENTASIE STUDENTE IN GROOT-BRITTANJE WAT NORMAALWEG IN 1965/6 GRADE SOU VERWERF, MAAR WAT HUL STUDIE GESTAAK HET*

Gebied	% wat studie staak	% wat studie in eerste studiejaar staak
Engeland	12,2	6,2
Wallis	11,4	6,4
Skotland	18,6	7,7
Totaal: Groot-Brittanje	13,3	6,8

* Miller, 1970, p. 15 soos aangehaal uit: Groot-Brittanje, University Grants Committee, 1968, Enquiry into student progress, London, H.M.S.O.


In 1976 het 12,9% van die verlatende studente aan universiteite in Groot-Brittanje nie grade verwerf nie. Aangesien Britse uni-

versiteite in die middel sewentigerjare nie baie vinnig gegroei het nie, kan die 12,9% as 'n redelike maatstaf beskou word van die persentasie studente wat in 'n sekere jaar inskryf en dan later die universiteit verlaat sonder om 'n graad te verwerf (Bligh, 1978, p. 4).

Die genoemde hoë produktiwiteit word in tabel 3.1 geïllustreer. Dit blyk ook uit die tabel dat slegs een uit ongeveer elke vyftien studente hul universiteitstudie in die eerste jaar staak, wat in skrilte kontras is met ander Westerse lande (Suid-Afrika ingeslote) waar in die eerste studiejaar feitlik 'n slagting plaasvind. Die waarskynlikste verklaring hiervoor, benewens streng keuring, is dat die ekstra skooljaar in Groot-Brittanje 'n natuurlike brug tussen skool en universiteit vorm.

FIGUUR 3.1

Die persentasie studente in Groot-Brittanje wat in 1976 die universiteit verlaat het sonder die verwerwing van 'n graad, vanweë druipling, "ander redes"¹⁾ en oorplasing.*



* Bligh, 1978, p. 5.

1) Onder "ander redes" word persoonlike, emosionele en sosiale redes verstaan.

Dit val op in figuur 3.1 dat 'n relatief lae persentasie studente (3,1%) die universiteit verlaat omdat hulle hul eerste studiejaar gedruip het. Die 1,7% studente wat oorgeplaas word na ander universiteite is hoofsaaklik mediese studente wat tussen hul pre-kliniese en kliniese kursusse van universiteit moet verander.

Die hoë akademiese produktiwiteit van Britse universiteite word verder geïllustreer deur die feit dat onder die groep studente

wat ingeskryf het sodat hulle normaalweg in 1965/6 grade sou verwerf, 77,7% die graad in die minimumtydperk verwerf het en 7,8% net een studiejaar gedruip het (Heywood, 1971, p. 193).

TABEL 3.2

PERSENTASIE STUDENTE IN GROOT-BRITTANJE (FAKULTEITSGEWYS) WAT IN VERSKILLENDE STUDIEJARE INGESKRYF HET, MAAR WAT NIE GRADE VERWERF HET NIE*

Jaar van inskrywing	Fakulteit		
	Geesteswetenskappe	Natuurwetenskappe	Ingenieurswese en tegnologie
1952	15	18	22
1955	15	15	20
1957	12	15	21
1962	9,4	13,8	21,8
1976 verlaters ¹⁾	11,7	14,2	15,1

* Bligh, 1978, p. 5; Heywood, 1971, p. 195; Miller, 1970, p. 13.

1) Persentasie van die studente wat in 1976 universiteite verlaat het sonder om grade te verwerf.

Uit tabel 3.2 blyk dat die produktiwiteit in die verskillende fakulteite deur die jare redelik konstant bly. Die fakulteit met die hoogste akademiese produktiwiteit is die Geesteswetenskappe; 'n tendens wat in die meeste ander lande, Suid-Afrika ingeslote, voorkom.

3.3.3 DIE AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN UNIVERSITEITE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

Wanneer die akademiese produktiwiteit van universiteite in die V.S.A. in oënskou geneem word, is daar enkele faktore wat enig

is aan die Amerikaanse onderwysstelsel en wat beslissings in berekening gebring moet word.

In die eerste plek is die persentasie jongmense wat universiteitstudie in Amerika onderneem, hoër as in enige ander land ter wêreld. In 1965 was 41% van die betrokke ouderdomsgroep by hoër onderwysinrigtings in Amerika ingeskryf. Die besondere omvang van universiteitstudie in Amerika word duidelik as in aanmerking geneem word dat die syfer vir Wes-Europese lande wissel tussen 10% en 15% (Carnegie Commission, 1975, p. 33). Die mate waarin onderwys in Amerika gedemokratiseer is, blyk daaruit dat 75% van die ouderdomsgroep wat in 1960 in hul vyfde skooljaar was in 1967 gematrikuleer het en dat 40% van die oorspronklike groep met hoër onderwys voortgegaan het. Van laasgenoemde groep het die helfte in 1971, dit wil sê in die minimumtyd, vier jaar, grade verwerf (Carnegie Commission, 1975, p. 35, soos aangehaal uit Digest of Educational Statistics, 1968, p. 8).

Hoër onderwys in Amerika geskied op so 'n geweldige skaal en openbaar so 'n mate van diversiteit dat 'n algemene karakterisering van die akademiese produktiwiteit en van die faktore wat dit beïnvloed baie moeilik is. Reeds in 1970 was sowat 6 miljoen studente aan sowat 3 000 inrigtings in Amerika met hoër onderwys besig (Carnegie Commission, 1975, p. 47 en 104). Die inrigtings vir hoër onderwys openbaar 'n wye verskeidenheid en sluit openbare universiteite, komprehensiewe kolleges, gemeenskapskolleges, private universiteite, die sogenaamde Liberal Arts Colleges, Junior Colleges, professionele skole en ander gespesialiseerde inrigtings in (Burn, 1976, p. 198 en Carnegie Commission, 1975, p. 47 - 50).

Die streng keuring van universiteitstudente wat kenmerkend van Britse universiteite is, is feitlik afwesig in Amerika. Leerlinge wat gematrikuleer het, ondervind nie veel moeite om tot hoër onderwysinrigtings toegelaat te word nie. Toelatingsvereistes is egter nie eenvormig nie en dit is somtyds moeilik om toelating te kry tot universiteite wat hoër prestige het. Vir aansoekers by laasgenoemde inrigtings wat nie toegelaat word nie,

staan die deure van die junior kolleges, waar 'n tweejarige kursus gevolg kan word, nog altyd oop. Die studie kan dan later aan 'n universiteit voorgesit word (Groot-Brittanje, 1963b, p 176).

As bogenoemde faktore in gedagte gehou word, kan aangeneem word dat die akademiese potensiaal in Amerika in 'n baie groot mate ontgin word - moontlik selfs oorontgin word. Dit word dan ook weerspieël in die akademiese produktiwiteit van die universiteite.

Die akademiese produktiwiteit van Amerikaanse universiteite is relatief laag en het deur die jare baie konstant gebly.

Van die studente wat in 1931 en 1932 vir die eerste keer aan inrigtings vir hoër onderwys in Amerika ingeskryf het, het 62% binne vier jaar die universiteit waar hulle ingeskryf het, verlaat voordat hul studies daar voltooi is. Die uiteindelijke verlies was egter 45% omdat 17% van die oorspronklike groep studente hul studies elders voltooi het (Summerskill, 1962, p. 630).

Van die groep studente wat in 1950 as eerstejaarstudente ingeskryf het, het slegs 39,5% binne vier jaar hul grade verwerf. Summerskill (1962, p. 630) het 35 studies wat in die tydperk 1930 tot 1960 in Amerika oor akademiese produktiwiteit gedoen is, nagegaan en het gevind dat gemiddeld slegs 37% van die studente hul eerste grade ná vier jaar studie verwerf het, terwyl 50% hul studies nie voltooi het nie. Hoe min die akademiese produktiwiteit in Amerika oor 'n betreklike lang tydperk gewissel het, blyk uit tabel 3.3 (vgl. p. 77).

Die National Centre for Educational Statistics het vir die tydperk 1961 tot 1975 jaarliks die aantal vier- en vyfjarige baccalareusgrade wat in Amerika toegeken is, aangeteken. As hierdie getalle vergelyk word met die aantal eerstejaar-inskrywings vir hierdie grade vier jaar vroeër, kan 'n redelik goeie aanduiding verkry word van die persentasie studente wat vir grade inskryf en wel later die grade verwerf. Studente wat 'n studiejaar druipe en tog later 'n graad verwerf, word wel by later jare in berekening gebring. Genoemde ondersoek het aan die lig gebring dat

TABEL 3.3

PERSENTASIE STUDENTE WAT TUSSEN 1920 en 1950 INRIGTINGS VIR HOËR ONDERWYS IN DIE V.S.A. BINNE 4 JAAR NÁ INSKRYWING VERLAAT HET SONDER OM GRADE TE VERWERF*

Jaar van eerste inskrywing	Persentasie onsuksesvolle verlaters
1920	53
1930	50
1940	49
1950	51

*Summerskill, 1962, p. 630.

die grade wat in hierdie tydperk toegeken is gemiddeld 52,25% van die aantal eerstejaar-inskrywings vier jaar tevore was. Die verhouding tussen die twee getalle het oor die jare ook baie konstant gebly (Grant, 1976, p. 42).

Die akademiese produktiwiteit van universiteite in Amerika verskil egter van inrigting tot inrigting soos blyk uit tabel 3.4.

TABEL 3.4

PERSENTASIE STUDENTE AAN VERSKILLENDE UNIVERSITEITE IN DIE V.S.A. WAT IN 1962 GRADE IN DIE MINIMUMTYDPERK VERWERF HET* (* Pervin, Reik en Dalrymple (reds), 1966, p. 8.)

Universiteit	Persentasie
Universiteit van Georgia	35
Universiteit van Iowa	37
Universiteit van Wisconsin	38
Universiteit van die staat van Pennsylvania	43
Universiteit van die stad New York	45
Hollins-Kollege	53
Princeton-Universiteit	80

Summerskill (1962, p. 630) het vir die tydperk vanaf 1930 tot 1960 nog groter variasies tussen universiteite gevind. Volgens sy ondersoek wissel die produktiwiteit tussen 12% en 82%. Opsommend blyk dit dat sowat die helfte van die Amerikaanse studente wat vir hul eerste studiejaar aan 'n universiteit inskryf nie grade sal verwerf nie.

3.3.4 DIE AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN AUSTRALIESE UNIVERSITEITE

Die universiteite in Wes-Europa het 'n akademiese tradisie wat oor eeue heen strek. Australië daarenteen is 'n jong land met jong universiteite. Die oudste universiteit in Australië dateer uit 1850. Die universiteite in Australië, net soos dié in Suid-Afrika, het gedurende die afgelope twee tot drie dekades baie vinnig gegroei en sedert 1970 is in Australië sewe nuwe universiteite gestig. Waar daar in 1946 in Australië 25 000 ingeskrewe universiteitstudente was, was die inskrywingsyfer aan die agtien universiteite in 1972 reeds 128 000 (Australië, 1972, p. 8 - 10). Omdat die Republiek van Suid-Afrika ook 'n jong groeiende land met jong universiteite is, sal die akademiese produktiwiteit van Australiese universiteite in meer besonderhede behandel word. Die onderwys en universitêre stelsel in Australië is baie goed vergelykbaar met dié in Suid-Afrika (Erens en Louw, 1978, p. 26).

Die persentasie van die leerlinge wat gelyktydig hul skoolopleiding in Australië begin en wat later vir universiteitstudie inskryf, is naastenby dieselfde as dié in Groot-Brittanje, Wes-Duitsland, Nederland en Switserland (Groot-Brittanje, 1963b, p. 9 en 13) en was in 1971 sowat 8,5% van die ouderdomsgroep 17 - 22 jaar (Australië, 1972, p. 10). In 1970 was die dosent-studentverhouding 1:12,4 (Australië, 1972, p. 10) - wat baie ongunstiger is as die 1:7,7 van Groot-Brittanje (vgl. 3.3.2 hierbo).

In die algemeen is die akademiese produktiwiteit van Australiese universiteite relatief laag in vergelyking met dié in Groot-Brittanje, maar tog hoër as dié van die V.S.A. Sowat een derde van die studente wat saam as eerstejaarstudente ingeskryf het, verwerf in Australië hul grade in die minimumtydperk - en sowat 'n

verdere een derde verwerf dit in 'n later stadium (Baxter, 1973, p. 239).

TABEL 3.5

DIE AKADEMIESE PRODUKTIEWITEIT VAN STUDENTE WAT IN 1971 AAN AUSTRALIESE UNIVERSITEITE AS EERSTEJAARS INGESKRYF HET*

Fakulteit	M ¹⁾	M+1 ²⁾	M+2 ³⁾ en langer	Totale persentasie gegradueerd
Lettere	37,4	16,9	10,8	65,0
Ekonomiese Wetenskappe	27,9	14,3	12,3	54,4
Regte	40,4	14,6	8,4	63,4
Natuurwetenskappe	36,8	18,0	10,1	64,9
Ingenieurswese	37,2	18,8	8,1	64,1
Medies	47,5	21,2	-	68,8
Farmasie	23,2	22,5	15,0	60,8
Tandheelkunde	27,3	29,3	7,8	64,4
Veeartsenykunde	33,9	12,8	8,3	55,0
Ander	35,1	18,5	11,3	64,9
Gemiddeld	37,3	17,7	8,9	63,9

1) M - slaag in minimumtydperk

2) M+1 - slaag in minimumtydperk plus 1 jaar

3) M+2 - slaag in minimumtydperk plus 2 jaar

* Selby Smith, 1975, p. 108.

Tabel 3.5 toon dat die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe onder die groter fakulteite in die betrokke tydperk die laagste produktiwiteit gehad het. Dit blyk ook dat heelwat Farmasiestudente weliswaar een of twee keer gedruip het, maar tog hul studie voortgesit het, sodat die persentasie Farmasiestudente wat uiteindelik hul grade behaal het, heeltemal goed vergelyk met die ander fakulteite.

Dit blyk uit die literatuur dat daar ook aan Australiese univer=

siteite groot variasie in akademiese produktiwiteit tussen die verskillende universiteite voorkom. So byvoorbeeld, het daar aan een universiteit uit die eerstejaarsgroep van 1968 slegs 20% Regstudente hul grade in die minimumtyd verwerf, terwyl die ooreenstemmende syfer aan 'n ander universiteit 60% was. Vir die ooreenstemmende jaargroep het die produktiwiteit van die verskillende universiteite in die Lettere-fakulteite gewissel van 28% tot 49%, vir Natuurwetenskappe van 15% tot 52% en vir Ekonomiese Wetenskappe van 21% tot 42%. Verder is ook ten opsigte van die betrokke jaargroep opvallende variasies in produktiwiteit tussen verskillende fakulteite aan dieselfde universiteit gevind (Baxter, 1970, p. 156).

Die relatief swak akademiese produktiwiteit van Australiese in vergelyking met Britse universiteite, kan moontlik gewyt word aan die een jaar langer skoolopleiding in Groot-Brittanje; aan minder streng toelatingsvereistes van Australiese universiteite wat deur elke universiteit self bepaal word (Groot-Brittanje, 1963b, p. 32). Miller (1974, p. 23) skryf dit toe aan die veel meer formele eksamens wat die Australiese student moet aflê en wat die moontlikheid verhoog dat 'n studiejaar gedruip kan word. Dit kan ook toegeskryf word aan die feit dat Australiese studente nie die veiligheidsnet van die "pass-degree" (vgl. 3.3.2 hierbo) het nie.

Daar is gedurende die afgelope jare in Australië deeglik besin oor die persentasies studente wat nooit grade behaal nie. Baxter (1970, p. 152) beklemtoon die noodsaaklikheid van sodanige besinning op grond daarvan dat die hoë druipsyfer blykbaar deur die akademiese gemeenskap as iets natuurliks - as iets wat altyd maar moet gebeur - beskou word.

3.3.5 VERGELYKING VAN DIE AKADEEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN DIE UNIVERSITEITE IN SES LANDE

As die akademiese produktiwiteit van die universiteite van verskillende lande met mekaar vergelyk word, kom die probleem van standaard dadelik na vore. In verskillende lande is daar 'n groot

verskeidenheid hoër onderwysinrigtings wat grade en diplomas toeken en wat nie sonder meer vergelyk kan word nie.

Met inagneming van die voorgaande het die Britse Committee on Higher Education (Groot-Brittanje, 1963b) die universiteite van verskillende lande vergelyk ten opsigte van die persentasie studente wat aan universiteite ingeskryf het en wat drie jaar later die graad waarvoor hulle ingeskryf het, verwerf het. Die komitee het slegs grade in aanmerking geneem wat vergelyk kon word met die eerste graad wat in Groot-Brittanje toegeken is. Relevante gegewens uit hierdie ondersoek word in tabel 3.6 aangegee.

TABEL 3.6

DIE PERSENTASIE VAN DIE AANTAL LEERLINGE VAN SES LANDE WAT GELYKTYDIG HUL ONDERWYSLOOPBAAN BEGIN HET EN WAT IN 1958/59 INGESKRYF HET VIR GRADE WAT VERGELYKBAAR IS MET BRITSE EERSTE GRADE, ASOOK DIE PERSENTASIE WAT DIE GRADE IN 1961/62 VERWERF HET *

Land	A Persentasie van oorspronklike aantal wat vir grade inge= skryf het	B Persentasie van oorspronklike aantal wat graad ná drie jaar verwerf het	C B as persenta= sie van A
Groot-Brit= tanje	6,9	5,6	81
Frankryk	7	3	43
Wes-Duits= land	5	3	60
Nederland	4	2	50
Swede	11	6	55
U.S.S.R.	10	7	70

* Groot-Brittanje, 1963b, p. 42 en 44.

Dit blyk uit tabel 3.6 dat Groot-Brittanje en die U.S.S.R., wat voornemende studente baie streng keur (vgl. 3.3.2), die hoogste persentasie studente opgelewer het wat hul grade in die minimumtyd ver=

werf het. In Frankryk was die uitsakking van studente die grootste, maar dit moet gemeld word dat die dosent-studenteverhouding in Frankryk besonder swak is, naamlik 1:30, of te wel veel ongunstiger as in enige van die ander betrokke lande, met die uitsondering van Wes-Duitsland waar die verhouding 1:35 is (Groot-Brittanje, 1963b, p. 41). In Wes-Duitsland het toekomstige universiteitstudente egter 'n ekstra jaar skoolopleiding ondergaan (Burn, 1971, p. 165).

3.4 DIE AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN UNIVERSITEITE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

In hierdie paragraaf word slegs die akademiese produktiwiteit, soos reeds vroeër omskryf, van universiteite vir blankes van nader beskou aangesien die universiteite vir swartes, bruines en Indiërs nog baie jonk is en met hul eiesoortige probleme worstel. Die akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO kan sinvoller met dié van blanke universiteite in Suid-Afrika vergelyk word aangesien die sosiaal-ekonomiese en kulturele agtergrond asook die onderwysgeleentheid vir blankes in Suid-Afrika totaal verskil van dié van ander bevolkingsgroepe.

Wanneer die akademiese produktiwiteit vir universiteite vir blankes in Suid-Afrika van nader beskou word en vergelyk word met die van oorsese universiteite moet in gedagte gehou word dat die situasie in die Republiek uniek is weens sy besondere bevolkingsamestelling (Visser, 1973, p. 2). Waar in 1977 universiteitstudente 1,75% van die blanke bevolking was, was dié persentasie in Groot-Brittanje slegs 0,48 en in Australië 1,13. Die syfer vir die V.S.A. was egter 3,35% (Erens en Louw, 1978, p. 3).

In 1977 het die hoë persentasie van 60% van die betrokke ouderdomsgroep standerd tien geslaag en 27% universiteitstoelating verkry. Dit is interessant om daarop te let dat 27% van die bevolking 'n intelligensiekwosiënt van 109 en hoër het. Van hierdie 27% het in die jare 1970 tot 1976 sowat 80% vir universiteitsstudie ingeskryf. Die vraag ontstaan of iemand met 'n laer intelligensiekwosiënt as 109 wel as universiteitsmateriaal beskou kan word (Erens en Louw, 1978, p. 5,6 en 43). Dit wil voorkom

asof Suid-Afrika sy blanke universiteitspotensiaal reeds grootliks benut en in sommige gevalle miskien reeds oorbenut (Visser, 1973, p. 13).

In 1974 was daar aan die tien blanke residensiële universiteite in die Republiek van Suid-Afrika 6 030 heeltydse en deeltydse doserende personeel, wat 'n dosent-studenteverhouding van 1:11,2 gee. Word die deeltydse personeel buite rekening gelaat, is hierdie verhouding 1:12,9 (R.S.A., 1976b, p.21 en 219). Dit vergelyk heeltemal gunstig met die dosent-studenteverhouding in oorsese lande soos die V.S.A. (1:13), Nederland (1:14), Rusland (1:12), Swede (1:12), Groot-Brittanje (1:8), Frankryk (1:30) en Wes-Duitsland (1:35) (Groot-Brittanje, 1963a, p. 41).

Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad het in 1963 'n verslag die lig laat sien (Statistiese studie in verband met die aansluiting tussen skool en universiteit: Gemeenskaplike Matrikulasieraad, Oktober 1963), waarin die akademiese produktiwiteit van die universiteite in Suid-Afrika ten opsigte van voorgraadse studente in besonderhede ontleed is. Tabel 3.7 en 3.8 wat uit hierdie verslag van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad geneem is, toon die uiteindelijke welslae van blanke universiteitstudente.

(Vir tabel 3.7 vgl. p. 84)

Uit tabel 3.7 val dit op dat damestudente in die meer algemene studierigtings betreklik beter presteer as die manstudente. Die akademiese produktiwiteit in die Lettere-fakulteit is ook aansienlik hoër as in ander fakulteite. Dit stem ooreen met die situasie in oorsese lande.

(Vir tabel 3.8 vgl. p. 85)

In tabel 3.8 blyk dit dat die persentasie uitsakking van eerstejaarstudente in die betrokke drie fakulteite sowat twee keer so hoog is as in die orige twee voorgraadse jare gesamentlik. Wanneer oor metodes besin word om die akademiese produktiwiteit te verhoog, sal dus besondere aandag aan eerstejaarstudente gegee moet word.

TABEL 3.7

OPSOMMING VAN DIE PERSENTASIE VOLTYDSE GRAADSTUDENTE AAN ALLE BLANKE UNIVERSITEITE WAT IN DIE JARE 1954 TOT 1957 AS EERSTEJAARSTUDENTE VIR GRAADSTUDIE INGESKRYF HET EN WAT DIE GRADE IN HOOGSTENS DIE MINIMUMTYDPERK PLUS TWEE JAAR BEHAAL HET*

Graad	Manlik %	Vroulik %	Totaal %
B.A.	60,5	65,9	63,6
B.Sc.	42,2	62,5	47,6
B.Comm.	43,1	49,2	43,9
B.Sc. (Ing.)	47,9	-	47,9
M.B.Ch.B	64,8	48,6	61,9
Totaal	50,6	63,6	54,6

* Garbers en Faure, 1972, p. 21.

Wat verder in tabel 3.8 opval, is die groot wisseling in slaag- en driuipsyfers tussen die verskillende fakulteite van dieselfde universiteit, asook tussen ooreenstemmende fakulteite van verskillende universiteite. Van die ingeskrewe eerstejaarstudente vir die B.Comm.-graad verwerf aan universiteit 1 slegs 29,6% die graad teenoor 66,3% van universiteit 4. Word universiteite 4 en 8 met mekaar vergelyk, blyk dit dat 'n aansienlik groter persentasie studente aan universiteit 4 die genoemde grade verwerf waarvoor hulle ingeskryf het as wat die geval aan universiteit 8 is. Dit wil dus voorkom asof daar in elke universiteit interne faktore is wat 'n baie groot invloed op die akademiese produktiwiteit het.

Erens en Louw (1978) het vir die tydperk 1959 tot 1968 die amp- telike statistieke van die Departement van Nasionale Opvoeding

TABEL 3.8 VORDERINGSPATROON VAN STUDENTE VOLGENS ONDERSKEIE UNIVERSITEITE EN FAKULTEITE*

UNIVERSITEIT		1	2	3	4	5	6	7	8	TOTAAL
Inskrywing (%)		100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0
B.A.	% Druip eerste= jaar ná een jaar	22,7	22,1	15,4	18,4	30,8	14,8	16,0	40,1	25,8
	% Druip later	18,4	7,8	11,7	13,0	5,8	20,4	8,9	10,2	10,9
	% Behaal graad	58,9	70,1	72,9	68,6	63,4	65,8	75,1	49,7	63,3
	% Behaal NIE graad nie	41,1	29,9	27,1	31,4	36,6	35,2	24,9	50,3	36,7
B.Sc.	% Druip eerstejaar ná een jaar	31,0	40,3	42,3	35,5	46,2	40,2	28,3	46,9	38,6
	% Druip later	20,1	1,2	12,2	7,7	8,2	13,6	14,8	13,0	13,8
	% Behaal graad	48,9	41,5	45,5	56,8	45,6	46,2	56,9	40,1	47,6
	% Behaal NIE graad nie	51,1	58,5	54,5	48,2	54,4	53,8	43,1	59,9	52,4
B.COMM.	% Druip eerstejaar ná een jaar	35,2	56,9	31,9	11,9	37,2	14,0	18,1	53,0	32,9
	% Druip later	35,2	6,2	24,6	21,8	19,2	36,0	24,6	15,4	23,2
	% Behaal graad	29,6	36,9	43,5	66,3	43,6	50,0	57,3	31,6	43,9
	% Behaal NIE graad nie	70,4	63,1	56,5	33,7	56,4	50,0	42,7	68,4	56,1

5 * Garbers en Faure, 1963, p. 22.

ontleed en dit word in tabel 3.9, 3.10 en 3.11 weergegee. Tabel 3.9 en 3.10 het betrekking op alle eerstejaars en nie net op eerstejaars wat vir die eerste keer ingeskryf het nie.

TABEL 3.9

PERSENTASIE EERSTEJAAR-BACCALAREUSGRAADSTUDENTE WAT IN DIE TYDPERK 1959 TOT 1969 IN VERSKILLENDE STUDIERIGTINGS GESLAAG* HET¹⁾

	Lettere en Sosiale Wetenskappe	Ekonomiese Wetenskappe	Natuurweten= skappe	Ingenieurs= wese	Medies	Alle bacca= lareusgrade
1959	70	54	57	54	55	60
1960	71	52	60	54	58	61
1961	73	49	57	49	52	60
1962	74	49	59	52	48	61
1963	67	53	57	51	53	59
1964	70	51	61	52	50	61
1965	71	54	59	54	54	61
1966	74	65	53	57	52	63
1967	70	56	56	57	57	61
1968	-	-	-	-	-	67
1969	-	-	-	-	-	69
Gemid= deld**	71	54	58	53	53	-

* Slaagpersentasie word bereken vir studente wat op 10 Junie ingeskryf was.

** Gemiddeld van die jaarlikse syfers

1) Erens en Louw, 1978, p. 12.

Die betreklik goeie akademiese prestasies van studente in die Lettere en die Sosiale Wetenskappe val ook hierop, net soos in tabel

3.7. Sedert 1968 het universiteite hul kriteria vir bevordering begin verander en dit kan die betreklik beter prestasies van eerstejaarstudente in 1968 en 1969 verklaar (Erens en Louw, 1978, p. 11).

Universiteite lê verskillende kriteria neer vir bevordering van eerstejaarstudente en om die rede kan die persentasie eerstejaarstudente wat aan Suid-Afrikaanse universiteite slaag nie sonder meer met mekaar vergelyk word nie. Dit het egter waarde om verskillende studierigtings met mekaar te vergelyk asook om tendense oor die jare aan 'n bepaalde universiteit waar te neem.

(Vir tabel 3.10 vgl. p. 88)

In tabel 3.10 is die groot wisseling in slaagsyfers aan dieselfde universiteit oor die jare asook die verskil in slaagsyfers tussen die verskillende universiteite opvallend. Vir sover dit vergelykbaar is, blyk dit ook dat die PU vir CHO elke jaar gedurende die betrokke tydperk 'n hoër persentasie eerstejaarstudente gehad het wat slaag as wat die gemiddeld van die universiteite gesamentlik is.

Sedert Suid-Afrikaanse universiteite vanaf 1968 hul kriteria vir bevordering begin verander het, het die skerp onderskeid tussen die verskillende studiejare vervaag. Dit maak vergelykings tussen die eerstejaarslaagpersentasie van universiteite nog moeiliker (Erens en Louw, 1978, p. 11 en 14).

Die beste aanduiding van die akademiese produktiwiteit van 'n universiteit kan verkry word uit 'n longitudinale studie waar elke student se akademiese vordering deur die jare op universiteit nagegaan word totdat hulle hul grade of diplomas verwerf of studie staak. Op die wyse kan die werklike persentasie studente van 'n bepaalde jaargroep wat wel grade of diplomas verwerf, asook hoe lank dit hulle geneem het, vasgestel word (Erens en Louw, 1978, p. 16). Dit is die wyse waarop die akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO in hierdie ondersoek bepaal is (vgl. 5.5).

TABEL 3.10

DIE PERSENTASIE EERSTEJAARSTUDENTE WAT AAN VERSKILLENDE UNIVERSITEITE GESLAAG HET (1959 - 1968)*

Universiteit	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965	1966	1967	1968
Universiteit van die Oranje-Vrystaat	76	73	85	80	75	83	75	68	70	79
PU vir CHO	77	70	61	66	68	72	67	70	73	74
Universiteit Pretoria	50	57	55	57	53	50	55	54	56	58
Universiteit Stellenbosch	65	68	70	70	70	70	66	66	63	89
Universiteit Kaapstad	62	66	57	67	57	57	54	63	67	66
Natalse Universiteit	63	51	60	58	59	58	61	65	55	65
Rhodes-Universiteit	63	70	63	60	65	71	73	68	68	70
Universiteit van die Witwatersrand	54	55	53	53	50	64	62	65	60	62
Universiteit Port Elizabeth	-	-	-	-	-	-	50	58	72	66
Alle universiteite	60	61	60	61	59	61	61	63	61	67

* Erens en Louw, 1978, p. 16.

Indien die universiteit geen toename in studentegetalle ondervind nie kan van 'n vloeimodel gebruik gemaak word om 'n aanduiding van akademiese produktiwiteit te kry. Die getal grade en diplomas wat in 'n sekere jaar toegeken word, word vergelyk met die getal eerstejaarinskrywings van dieselfde jaar om 'n beeld te kry van die persentasie eerstejaarstudente wat wel later grade en diplomas verwerf. As daar wel groei in studentegetalle is, moet die aantal 3-jarige grade wat verwerf word vergelyk word met die aantal inskrywings vir dié grade 3 jaar tevore; die aantal 4-jarige grade met die aantal inskrywings 4 jaar tevore, ensovoorts.

Hiervolgens kan egter nie bereken word hoe lank dit studente neem om hul studies te voltooi nie. As alle studente hulle grade of diplomas in die minimumtydperk voltooi, kan die akademiese produktiwiteit akkuraat volgens die vloeimodel bereken word. Daar is egter altyd studente wat saam met die betrokke groep eerstejaarstudente ingeskryf het, wat 'n jaar of meer druipe en dan nie onder die getal studente is wat na 3 jaar die 3-jarige graad, of na 4 jaar die 4-jarige graad, ensovoorts, verwerf nie. Hiervoor word egter in 'n groot mate vergoed deurdat daar onder die studente wat in 'n betrokke jaar grade verwerf, druipe van vorige jare teenwoordig is (Erens en Louw, 1978, p. 18 - 19).

Erens en Louw (1978, p. 21) het 'n korreksiefaktor aangebring om vir die invloed van druipe in die berekening van die totale akademiese produktiwiteit*, volgens die vloeimodel, te vergoed. Hierdie korreksiefaktor is van so 'n aard dat 'n verskil van 2% in totale akademiese produktiwiteit tussen 2 jare as betekenisvol beskou kan word. Die totale akademiese produktiwiteit soos in tabel 3.11 weergegee, is daarvolgens bereken.

* Met totale akademiese produktiwiteit word bedoel die persentasie van 'n betrokke jaar se nuwe eerstejaarstudente wat wel later grade of diplomas verwerf.

TABEL 3.11

DIE TOTALE AKADEMIESE PRODUKTIEWITEIT VAN STUDENTE AAN BLANKE RESIDENSIELE UNIVERSITEITE IN SUID-AFRIKA *

Jaar van eerste inskrywing	Totale akademiese produktiwiteit (%)	Jaar van eerste inskrywing	Totale akademiese produktiwiteit (%)
1955	54	1966	60
1956	62	1967	70
1957	54	1968	69
1958	52	1969	75
1959	54	1970	63
1960	56	1971	68
1961	59	1972	66
1962	71	1973	66
1963	63	1974	63
1964	70	1975	69
1965	61		

* Erens en Louw, 1978, p. 20.

Alhoewel die Van Wyk de Vries-kommissie (R.S.A., 1974a, p. 421) in 1974 aangevoer het dat die bevindings van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad-kommissie (1963) steeds 'n redelike weergawe van die omstandighede in verband met die driipsyfer aan universiteite in die onlangse tyd is (vgl. tabel 3.7 en 3.8), blyk dit uit tabel 3.11 nie die geval te wees nie. Die gemiddeld van die totale akademiese produktiwiteit vir die drie opeenvolgende sewe-jaarperiodes 1955 - 1961, 1962 - 1968 en 1969 - 1975 was onderskeidelik 56%, 66% en 67%.

Die akademiese produktiwiteit van universiteite vir blankes in Suid-Afrika vergelyk dus goed met dié van die V.S.A. (vgl. 3.3.3 en tabel 3.3) en Australië (vgl. tabel 3.5). Dit is juis tweelande waarvan die hoër onderwysituasies redelik vergelykbaar met dié vir blankes in Suid-Afrika is. In lande soos Wes-Duitsland, Nederland en Swede is die gemiddelde akademiese produktiwiteit on-

geveer dieselfde, indien nie swakker nie, as dié in Suid-Afrika (vgl. tabel 3.6).

Uit tabel 3.1, 3.2, 3.6 en figuur 3.1 blyk verder dat die akademiese produktiwiteit in lande soos Rusland en veral Groot-Brittanje aansienlik hoër is as in Suid-Afrika. Soos reeds in 3.3.2 gestel, word voornemende universiteitstudente in die twee lande so streng gekeur dat die akademiese produktiwiteit in die twee lande nie vergelykbaar met dié in Suid-Afrika is nie.

In tabel 3.12 word die persentasie eerstejaarstudente aan verskillende universiteite vir blankes en wat in 1972, 1973 en 1974 in hul eerste studiejaar geslaag het, weergegee. Die tabel is saamgestel uit gegewens wat verkry is uit die jaarverslae van die Departement van Nasionale Opvoeding vir die kalenderjare 1972, 1973 en 1974 (R.S.A., 1973, p. 140 - 177; R.S.A., 1974b, p. 144 - 171; R.S.A., 1975b, p. 128 - 167).

(Vir tabel 3.12 vgl. p. 92)

Tabel 3.12 toon dat van al die betrokke universiteite die eerstejaars van die PU vir CHO in al drie die vermelde jare in vergelykbare studierigtings, vir ses uit die nege studierigtings en in al die studierigtings gesamentlik gemiddeld die hoogste persentasie studente gehad het wat in hul eerstejaar geslaag het. Dit blyk verder dat die persentasie eerstejaars van 'n bepaalde universiteit wat in 'n bepaalde studierigting slaag deur die drie jaar redelik konstant gebly het. Die persentasie suksesse wissel egter opmerklik tussen die verskillende studierigtings aan dieselfde universiteit en tussen dieselfde studierigtings aan verskillende universiteite - 'n verskynsel wat twee dekades gelede ook aan Suid-Afrikaanse universiteite opgemerk is (vgl. tabel 3.8).

Uit die gemiddelde slaagpersentasie van al die universiteite gesamentlik blyk dat, vergelykenderwyse, 'n lae slaagpersentasie in Veeartsenykunde, Ingenieurswese, Landbou en Bosbou, Regsgeleerdheid en Wis- en Natuurkunde voorgekom het. Die slaagpersentasie is vergelykenderwyse hoog in Lettere en Wysbegeerte, Skone Kunste, Teologie en Geneeskunde met sy verwante rigtings.

TABEL 3.12

DIE PERSOONLIK EERSTEDARSTUDENTE* AAN DIE RESIDENSIELE UNIVERSITEIT VIR BLANCKS MET HUL EERSTE STUDIEJAAR OESLAG HET (1972 - 1974)**

Studierigtinge	PU vir CHO				Universiteit van die Oranje-Vrystaat				Universiteit Pretoria				Universiteit Stellenbosch				Randse Afrikaanse Universiteit				Universiteit Kaapstad				Natalse Universiteit				Rhodes-Universiteit				Universiteit van die Witwatersrand				Universiteit Port Elizabeth				Totaal			
	1972	1973	1974	Gem.	1972	1973	1974	Gem.	1972	1973	1974	Gem.	1972	1973	1974	Gem.	1972	1973	1974	Gem.	1972	1973	1974	Gem.	1972	1973	1974	Gem.	1972	1973	1974	Gem.	1972	1973	1974	Gem.	1972	1973	1974	Gem.				
1. Argitektuur en Bourekenkunde	-	95	72	85	83	80	85	83	51	55	55	54	-	-	-	-	-	-	-	-	54	51	59	57	64	59	57	60	-	-	-	-	60	59	63	60	57	66	70	65	63	62	63	63
2. Geneeskunde en verwante rigtings	72	72	61	69	77	77	77	77	70	65	79	72	94	84	72	81	64	-	-	64	77	75	76	76	-	89	84	86	-	-	-	-	74	83	84	80	-	-	-	-	77	77	76	77
3. Buroel en Publieke administrasie	81	82	75	79	65	79	70	71	61	60	52	57	67	57	53	59	35	41	36	37	54	65	49	55	56	53	50	53	84	76	54	53	61	48	62	56	62	79	71	70	63	61	57	60
4. Ingenieurswese	-	-	63	63	-	-	-	-	49	54	45	50	78	67	66	70	44	63	33	48	58	61	46	55	53	61	57	57	-	-	-	-	43	51	51	49	44	44	69	54	54	57	51	54
5. Landbou en Bosbou	-	-	-	-	65	71	78	73	60	49	38	49	55	59	63	60	-	-	-	-	-	-	-	-	58	55	42	51	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	59	58	59	59
6. Lettere en Wysgeerte	89	84	84	86	77	82	80	80	66	64	63	64	87	70	67	74	72	53	71	65	83	77	77	79	67	59	60	62	82	81	79	81	64	64	78	69	62	68	71	67	74	70	71	72
7. Regsgesleerdheid	85	83	76	81	54	50	54	53	30	35	33	33	85	70	56	69	51	36	46	44	58	62	100	69	57	61	64	61	80	50	60	67	69	66	64	66	64	61	80	68	61	57	56	58
8. Skone Kuns	88	89	81	85	-	-	-	-	77	67	84	76	71	53	59	60	-	-	-	-	91	84	80	85	60	57	38	50	78	100	93	91	58	74	70	67	-	-	-	-	74	68	68	70
9. Tandheelkunde	-	-	-	-	-	-	-	-	50	63	69	61	72	54	52	57	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	73	78	85	79	-	-	-	-	63	66	69	66
10. Teologie	100	100	100	100	-	-	-	-	97	88	80	87	98	100	100	99	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	50	100	81	78	-	-	-	-	-	-	-	-	93	96	90	93
11. Veerterwiskunde	-	-	-	-	-	-	-	-	35	29	32	32	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	35	29	32	32
12. Wis- en Natuurkunde	89	89	87	88	47	75	62	62	51	52	47	50	59	60	57	59	24	49	47	40	78	72	60	70	63	54	43	53	63	65	68	66	51	56	64	57	65	67	62	65	61	62	57	60
Gesamtd	86	85	80	83	70	77	73	73	57	57	54	56	76	67	64	68	51	48	55	51	73	70	66	70	62	57	53	57	77	76	65	72	59	59	68	62	62	69	70	67	66	64	63	64

* Eerstejaarstudente set op die eerste Dinsdag in Junie van die betrokke jaar ingeskryf was.

** Verwerk uit R.S.A., 1973, p. 140 - 177; R.S.A., 1974b, p. 144 - 171; R.S.A., 1975b, p. 128 - 167.

Die groot verskil in slaagpersentasie van die verskillende universiteite soos vervat in tabel 3.12 kan die gevolg wees van die verskillende kriteria wat universiteite aanlê om te bepaal of 'n eerstejaarstudent geslaag het. Dit kan egter moontlik ook daarop dui dat elke universiteit in die besondere studierigtings sy eie standaard het en dat die welslae al dan nie van 'n student in 'n besondere studierigting ook afhang van die universiteit waarby hy ingeskryf het.

Tabel 3.12 toon voorts dat gemiddeld sowat twee derdes (64%) van die eerstejaarstudente van die tien residensiële universiteite in Suid-Afrika in die tydperk 1972 tot 1974 in hul eerste studiejaar geslaag het, terwyl die syfer vir die PU vir CHO gemiddeld 83% was. Dit val ook op dat die universiteit wat die naaste hieraan kom 'n gemiddelde slaagpersentasie van 73% gehad het.

Word tabel 3.12 met tabel 1.1 vergelyk, blyk dit dat die tabelle mekaar weerspreek. Die gegewens in hierdie tabelle is egter albei afkomstig van staatsdepartemente, naamlik Nasionale Opvoeding en Statistiek (vgl. 1.3). Tabel 1.1 het betrekking op die jaar 1974 en daarvolgens het die eerstejaarstudente aan die PU vir CHO op akademiese gebied die swakste gevaar van al die universiteite onder bespreking. Volgens tabel 3.12 was die PU vir CHO in 1974 in hierdie opsig die beste daaraan toe! Hierdie feit het dit noodsaaklik gemaak dat die eerstejaarslaagpersentasie aan die PU vir CHO opnuut ondersoek moes word (vgl. hoofstuk 6), want die amptelike gegewens is so weersprekend dat geen geldige gevolgtrekking daaruit gemaak en geen stappe op grond daarvan gedoen kan word om eerstejaars se akademiese prestasies en sodoende die akademiese produktiwiteit te verhoog nie.

3.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aangetoon waarom dit vir die hedendaagse universiteit noodsaaklik is om so doeltreffend en produktief moontlik te wees. Vir almal wat belang by die student en die universiteit het, is dit belangrik dat die studente die grade en diplomas waarvoor hulle ingeskryf het, wel verwerf, en dit in die minimum=

tydperk.

Vervolgens is die akademiese produktiwiteit van 'n universiteit (of 'n fakulteit) omskryf as die persentasie nuwe eerstejaarstudente wat later die grade of diplomas waarvoor hulle ingeskryf het, verwerf en in welke tydspan hulle dit verwerf.

Om die akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO in perspektief te plaas, is die produktiwiteit van universiteite in enkele oorsese lande, asook van Suid-Afrikaanse universiteite, in oënskou geneem.

Die akademiese produktiwiteit van Britse universiteite is besonder hoog, maar waarskynlik vanweë 'n ekstra skooljaar vir voornemende studente en baie streng keuring van studente. As gevolg van laasgenoemde besondere omstandighede kan universiteite in Suid-Afrika, asook die PU vir CHO, nouliks ten opsigte van akademiese produktiwiteite met Britse universiteite vergelyk word.

Die onderwystoestande in Suid-Afrika stem in 'n redelike mate ooreen met dié van die V.S.A. en Australië en daarom is vergelyking van akademiese produktiwiteit tussen universiteite in die drie lande meer verantwoordbaar. Dit blyk dat, vir sover dit vergelykbaar is, die akademiese produktiwiteit van universiteite vir blankes in Suid-Afrika baie goed vergelyk met dié van Amerika en Australië en sedert die laaste helfte van die sestigerjare selfs beter is. Dit is deurgaans beklemtoon dat toestande op onderwysgebied so van land tot land verskil dat vergelykings van akademiese produktiwiteit baie aanvegbaar is en dat geldige gevolgtrekkings nouliks daaruit gemaak kan word.

Dit is aangetoon dat 'n betreklik hoë persentasie eerstejaarstudente van die PU vir CHO iedere jaar oor redelike lang tydperke heen in hul eerste studiejaar geslaag het en inderdaad vir die tydperk 1972 tot 1974 volgens amptelike statistiek die hoogste persentasie eerstejaarstudente gehad het wat slaag. Die aandag is egter ook gevestig op sekere anomalieë in die amptelike statistiek en dit is aangedui dat daar om hierdie rede verderaan dieper gedelf sal